021 903 1108/9 | jks@jankriel.co.za | www.jankriel.co.za | Skoolstraat, Kuilsrivier

JAN KRIELSKOOL | JAN KRIEL SCHOOL

Posbus 17 | PO Box 17 | Kuilsrivier | 7579

Hoërskool Opvoeder:
Afrikaans Huistaal (Senior Fase: Graad 7 - 9)
Kraamverlof – Tydelike Aflospos

Jan Krielskool
Kuilsrivier, Wes-Kaap
Werkgewer: Jan Krielskool

Inleiding

Jan Krielskool is 'n gekombineerde parallelmedium spesiale skool, grade R – 12. Die skool volg die gewone KABV-kurrikulum en maak spesifiek voorsiening vir leerders wat leerhindernisse ervaar. Aansoeke word ingewag van hoogs ervare hoërskool-opvoeders in Afrikaans Huistaal vir hierdie kraamverlof-aflospos. Die aanstelling is vanaf 11 Januarie 2027 tot 8 April 2027.

Pligte en Verantwoordelikhede

Om as Afrikaans Huistaal onderwyser vir Graad 7 tot Graad 9 op te tree. Om studiediens in ons koshuise te doen volgens die koshuisrooster. Bereidwilligheid om deel van ’n multi-dissiplinêre span te wees en gemaklik saam met ’n klasassistent/fasiliteerder te werk. Bereidwilligheid om aktief betrokke te wees by die skool se ekstra- en ko-kurrikulêre aktiwiteite. Meld asseblief enige ander vakke wat u ook kan aanbied.

Vereistes

- ’n Gepaste kwalifikasie en toepaslike bevoegdheid om Afrikaans Huistaal tot op Graad 9-vlak binne die Senior Fase (Graad 7 - 9) aan te bied.
- Registrasie by SACE.
- Grondige kennis van en ervaring met die KABV-kurrikulum.
- Bewese rekenaarvaardigheid en ervaring in die gebruik van tegnologie/IKT-integrasie in die klaskamer.

Aanbevelings

- Vorige ervaring in die onderrig van Afrikaans Huistaal vir Graad 7 - 9.
- Ervaring in die onderrig van leerders met spesiale onderwysbehoeftes.

Vergoeding

R26 000 per volle maand (vir volledig gekwalifiseerde REQV 14-opvoeders).

Belangstellendes

U CV en volledige akademiese rekord moet persoonlik afgelewer of per koerier aan die skool gestuur word. Aansoekers moet gesertifiseerde harde kopieë indien. Dit sal van die suksesvolle kandidaat verwag word om ‘n polisieklaring te ondergaan en om ‘n klaringsbewys van die nasionale register van seks oortreders (NRSO) te verkry. Finale aanstelling is onderworpe aan ‘n skoon rekord. Die koste van die proses is vir die werkgewer. Slegs harde kopie-aansoeke wat in ’n duidelik gemerkte koevert ontvang word, sal aanvaar word.

Sluitingsdatum vir aansoeke: Sondag, 1 November 2026. Laat aansoeke sal nie oorweeg word nie. Korrespondensie sal slegs met kortlys-kandidate gevoer word.